21 Movies

Huiskerk
Quellerina Gemeente

# Shrek

## Matteus 9:18-26

Shrek, die "ogre", bly in die moeras omdat hy van almal wil wegbly. Hy beskryf homself as 'n ui met baie lae. Dalk het jou ui-lagies al so baie geword dat jy niemand meer naby jou wil toelaat nie.

Die vrou wat twaalf jaar lank aan bloedvloeiing gely het (v20),was toegewikkel in haar stigma van onreinheid. Sy waag dit egter om deur al die lagies te beur om van agter aan Jesus te raak.

Die donkie sê vir Shrek dat sy ui-lagies maak dat hy bang is vir sy eie gevoelens en dat hy nie agterkom dat Prinses Fiona lief is vir hom nie.

Lees die teks stadig deur. Lees dit hardop indien moontlik.

Hoe pas hierdie by jou lewe in?

Hoe pas hierdie in jou kind se lewe?

Wat kan julle as gesin uit hierdie storie neem?

As ons, soos die naamlose vrou met bloedvloeiings, ook ons hand na Jesus toe uitsteek, sou meer gebeur as siekte wat genees word: Ons sou in die kern van ons "ui" weer voel en leef.
(Bybel 24/7)